

**Titel: Hoe Nugter is Ons**  
**Pastoor: Heinrich Titus**  
**Datum: 5 April 2009**  
**Tyd: 09:00**



#### **Nugter en waaksaam**

##### **1 Petrus 5:8-9**

<sup>8</sup>Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu, en soek wie hy kan verslind. <sup>9</sup>Hom moet julle teëstaan, standvastig in die geloof, omdat julle weet dat dieselfde lyding opgelê word aan julle broederskap wat in die wêreld is.

#### **Nugter denkend**

##### **1 Thessalonicense 5:6-8**

<sup>6</sup>Laat ons dan nie slaap soos die ander nie, maar laat ons waak en **nugter** wees. <sup>7</sup>Want die wat slaap, slaap in die nag; en die wat dronk word, is in die nag dronk. <sup>8</sup>Maar laat ons wat van die dag is, **nugter** wees, met die borswapen van geloof en liefde aan, en as helm die hoop op die saligheid.

##### **1 Petrus 1:13**

<sup>13</sup>Daarom, omgord die lendene van julle verstand, **wees nugter** en hoop volkome op die genade wat julle deel word by die openbaring van Jesus Christus.

##### **Efesiërs 6:14**

<sup>14</sup>Staan dan vas, julle lendene met die waarheid omgord....

#### **Nugter denkend re:**

##### **1. God**

Gereelde ontmoetings met God

- a. Abraham: Gen.15 – ons skild en beloning
- b. Josua: Josua 6:13-15 – ons opperbevelvoerder

##### **Hy is in beheer; ons nie**

##### **Josua 15:13 -15**

<sup>13</sup> En terwyl Josua by Jérigo was, slaan hy sy oë op en kyk, en daar staan 'n man teenoor hom met 'n ontblote swaard in sy hand; en Josua het na hom gegaan en hom gevra: Behoort U by ons of by ons vyande? <sup>14</sup>En Hy sê: Nee, maar Ek is die leërowerste van die HERE; Ek het nou gekom. Toe val Josua met sy aangesig op die grond en buig hom neer en vra Hom: Wat wil my Here aan sy dienskneg sê? <sup>15</sup>Toe sê die leërowerste van die HERE vir Josua: Trek jou skoene van jou voete af, want die plek waar jy op staan, is heilig. En Josua het so gedoen.

- c. Gideon: Rigters 6:11-16 – ons krag

##### **Rigters 6:11-16**

<sup>12</sup>En die Engel van die HERE het aan hom verskyn en vir hom gesê: Die HERE is met jou, dapper held! <sup>13</sup>Toe vra Gideon Hom: Ag, my heer, as die HERE met ons is, waarom het al hierdie dinge ons dan oorgekom? En waar is al sy wonders waar ons vaders ons van vertel het, deur te sê: Het die HERE ons nie uit Egipte laat optrek nie? Maar nou het die HERE ons verwerp en ons oorgegee in die hand van die Midianiete. <sup>14</sup>Toe draai die HERE na hom toe en sê: Gaan in hierdie krag van jou en verlos Israel uit die hand van die Midianiete. Is dit nie Ek wat jou stuur nie? <sup>15</sup>Maar hy vra Hom: Ag, Here, waarmee sou ek Israel verlos? Kyk, my geslag is die swakste in Manasse, en ek self die geringste in my familie. <sup>16</sup>Toe sê die HERE vir hom: Ek sal met jou wees, sodat jy die Midianiete soos een man sal verslaan.

d. Samuel: 1 Sam.3 – ons wysheid

**1 Samuel 3:10**

<sup>10</sup> Toe het die HERE gekom en gaan staan en geroep soos die vorige kere: Samuel, Samuel! En Samuel het geantwoord: Spreek, want u kneg hoor.

e. Esegïel: Es.1 – groter as ons wildste drome

**Ons wapens**

**Efesiërs 6:11-20**

<sup>11</sup>Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel. <sup>12</sup>Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bese geeste in die lug. <sup>13</sup>Daarom, neem die volle wapenrusting van God op, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle alles volbring het, staande kan bly. <sup>14</sup>Staan dan vas, julle lende met die waarheid omgord, met die borswapen van die geregtigheid aan, <sup>15</sup>en as skoene aan julle voete die bereidheid vir die evangelie van vrede. <sup>16</sup>Behalwe dit alles neem die skild van die geloof op waarmee julle al die vurige pyle van die Bese sal kan uitblus. <sup>17</sup>En neem aan die helm van verlossing en die swaard van die Gees--dit is die woord van God-- <sup>18</sup>terwyl julle met alle gebed en smeking by elke geleentheid bid in die Gees, en juis daartoe waak met alle volharding en smeking vir al die heiliges <sup>19</sup> en vir my, sodat 'n woord my gegee mag word as ek my mond oopmaak om met vrymoedigheid die verborgenheid van die evangelie bekend te maak, <sup>20</sup>waarvoor ek 'n gesant is in kettings, sodat ek daarin vrymoediglik mag spreek soos ek moet spreek.

**Psalm 78:2**

<sup>2</sup>Ek wil my mond open met 'n spreuk, raaisels uit die voortyd laat stroom.<sup>3</sup>Wat ons gehoor het en weet en ons vaders ons vertel het, <sup>4</sup>sal ons nie verberg vir hulle kinders nie, maar aan die volgende geslag vertel die roemryke dade van die HERE en sy mag en sy wonders wat Hy gedoen het.